NG GEMEENTE ALIWAL-NOORD

VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR

GEMEENTEPROFIEL
Aliwal-Noord, is ‘n plattelandse gemeente geleë tussen Bloemfontein en Queenstown, in die Noord Oos-Kaap. Die gemeente het ongeveer 1045 lidmate en 308 dooplidmate. Binne die gemeente is ‘n Tehuis vir senior lidmate, ‘n hoër- en ‘n laerskool, met twee skoolkoshuise asook die Goedemoed Gevangenis-wyk (‘n tweede aanbiddingspunt), met ongeveer 150 lidmate, wat 35km van die dorp geleë is.

LERAARSPROFIEL EN AMPSLIGTE

- Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die dienskontrak.
- Iemand –
    - Wat ’n “Goeie dienaar van Jesus Christus” is (1 Tim 4:6) en wat ‘n innige liefde vir God Drie-enig en sy Woord laat uitvloei in die gemeente en die gemeenskap.
    - wat, met inagneming van kerklike gebruike, met die kerkraad en die gemeente, maar ook met die kerk in wyer verband kan saamwerk
    - wat in die volle spektrum van gemeentewees kan inpas maar wat spesifiek toegerus en gemotiveerd is om die 40-plussers te bedien
    - met goeie menseverhoudinge, wat na lidmate op alle sosiale vlakke kan uitreik
    - met ‘n goeie aanvoeling vir gemeenteadministrasie.
    - wat ‘n spanverbandmens is met ‘n missionale benadering tot kerk-wees (Gemeenskapbetrokkenheid).
    - met goeie multimedia vaardighede.

VERGOEDING:

- Die vergoedingspakket is onderhandelbaar volgens Sinodale skaal en ander voordele en riglyne as basis. Die gemeente beskik oor ‘n ruim pastorie met ‘n goedversorgde tuin wat naby die kerkterrein geleë is.

AANSOEK
Aansoeke moet gedoen word op die voorgeskrewe vraelys (verkrygbaar van die Kerkkantoor). Die vraelys moet vergesel word van ‘n CV, nie langer as 3 blaaie nie, sowel as die name van minstens 4 referente en kan per faks, e-pos of pos aangestuur word na:

Per faks: 086 582 8299
Per e-pos: ngkaliwal@lantic.net
Per pos: Posbus 36 Aliwal-Noord 9750

NAVRAE
Me Corrie Nel: Saakgelastigde 051-6332632, Ds André Theron 051 6332777 en 0769038271, Dr Henco vd Westhuizen 0516341100 en 0721808181

SLUITINGSDATUM: 14 Augustus 2015

DIENSAANVAARDING: Volgens ooreenkoms

‘n Kortlys sal saamgestel word en daar sal van die leraars op die kortlys verwag word om ‘n onderhoud met die Kerkraad te voer.

Die Kerkraad behou homself die reg voor om nie ‘n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.